SOLIDARITEIT

**Die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk en Solidariteit Jongwerkende: Bemagtigingsprogram**

## 1. Inleiding

Die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk, in samewerking met Solidariteit se Jongwerkende, bied ŉ bemagtigingsprogram aan vir matriekleerders wat ná skool in ŉ administratiewe rigting gaan werk. Die doel van hierdie program is om jong mense meer beroepsgereed te maak en om hulle te help om in die werksoekproses uit te staan.

## 2. Wat behels die bemagtigingsprogram?

2.1. Die kandidate wat aan hierdie program gaan deelneem, sal toegang hê tot die volgende aanlyn opleiding:

- 2.1.1. Microsoft-meester: Microsoft Word, Microsoft Excel en Microsoft PowerPoint
- 2.1.2. Die opstel van ŉ sakelys en die notulering van vergaderings
- 2.1.3. Algemene vergaderings
- 2.1.4. Inleiding tot suksesvolle kantoorpraktyk
- 2.1.5. Identiteit van kantoorpraktisyns
- 2.1.6. Kliëntediensuitnemendheid
- 2.1.7. Tydbestuur vir kantoorpraktisyns
- 2.1.8. Outlook-produktiwiteit
- 2.1.9. Kommunikasie in jou werkplek
- 2.1.10. Telefoonetiket

2.2. Die suksesvolle kandidaat sal ŉ sertifikaat vir elke voltooide kursus ontvang.

2.3. Die volgende fasiliteringsessies wat in persoon bygewoon word, sal ook by Solidariteit se hoofkantoor aangebied word oor:

- 2.3.1. Die belangstellingsbepaler van Solidariteit se Skoliere-aanbod
- 2.3.2. Persoonlike ontwikkeling (selfvertroue, houding en postuur, en voorkoms)
- 2.3.3. Die opstel van ŉ CV en werkplekvoorbereiding
- 2.3.4. Skaduwerk (werkplekvoorbereiding) sal vir elke suksesvolle kandidaat gereël word.
- 2.3.5. ŉ Netwerkgeleentheid saam met meesters in die beroep

2.4. Die totale waarde van hierdie bemagtigingsprogram beloop R10 000.

## 3. Duur van opleiding

3.1. Die tydperk van die opleiding strek vanaf April 2024 tot 31 Oktober 2024.

3.2. Gedurende hierdie tydperk (soos genoem in 3.1) gaan daar van die kandidaat verwag word om die voorgeskrewe e-leerkursusse (soos genoem in 2.1) te voltooi, die fasiliteringsessies (soos genoem in 2.3) by te woon en hul skaduwerk (soos beskryf in 2.4) suksesvol te voltooi.

3.3. Die duur van die opleiding as deel van die bemagtigingsprogram sal onafhanklik wees van die tydperk van hierdie kontrak.

**4. Vereistes en kriteria**

4.1. Die volgende kriteria geld vir die identifisering van potensiële kandidate vir hierdie program:

4.1.1. Die kandidaat moet in 2024 in graad 12 wees. Indien die kandidaat jonger as 18 jaar is, word die ouer of voog se toestemming benodig.

4.1.2. Die kandidaat moet toegang tot ŉ rekenaar en selfoon hê.

4.1.3. Die kandidaat moet toegang tot die internet hê, sowel as ŉ stil omgewing waar die aanlyn opleiding voltooi kan word.

4.1.4. Die kandidaat moet toegang tot vervoer hê om die skaduwerkgeleentheid, fasiliteringsessies en netwerkgeleentheid by te woon.

4.1.5. Die kandidaat moet ŉ gratis profiel op Solidariteit se platform skep by www.solidariteit.co.za.

4.1.6. Die ideale kandidaat sal ywerig, leergierig, toegewyd, betroubaar, bereidwillig en eerlik wees.

4.1.7. Aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen, sal nie outomaties tot die program toegelaat word nie. Die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk behou die reg voor om die aantal deelnemers aan die program te beperk.

4.1.8. Sodra die kandidaat se aansoek vir die program goedgekeur is, sal daar van die kandidaat verwag word om die program te voltooi.

4.1.9. As deel van die ooreenkoms sal die kandidaat instem om skaduwerk te voltooi.

4.1.10. Ná die suksesvolle voltooiing van die program en sodra die kandidaat in 2025 ŉ betrekking aanvaar, sal die kandidaat by Solidariteit Jongwerkende aansluit met die doel om die kandidaat verder in sy/haar loopbaanontwikkeling en -aanpassing by te staan. Daar sal van die kandidaat verwag word om ŉ minimum van 12 maande ŉ lid van Solidariteit Jongwerkende te bly.

4.1.11. Solidariteit sal die kandidaat bystaan met die opstel van 'n CV en sal beskikbaar wees om hulp te verleen met die voorbereiding vir onderhoude. Wanneer die kandidaat in diens geneem word, sal die kandidaat ook toegang tot arbeidsregsadvies hê.

4.1.12. Die kandidaat moet by die spesiale WhatsApp-groep vir die projek aansluit om waardevolle bykomende inligting te ontvang.

4.1.13. Die kandidaat sal, waar moontlik, spesiale netwerkgeleenthede bywoon wat deur die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk gereël word. Bywoning sal gratis wees.

4.1.14. Die kandidaat sal ná voltooiing van die program hom- of haarself beskikbaar stel om as junior mentor vir 'n volgende jong mens op te tree.

4.1.15. Die kandidaat kan die opleiding teen sy/haar eie pas voltooi, maar toegang tot die opleidingsportaal verval ná drie maande.

4.1.16. Die kandidaat kan instem om deel te neem aan sosialemediabemarking, soos en indien nodig, om ander jong mense te inspireer en om hierdie bemagtigingsprogram te bemark.

5. Indien die kandidaat nie daarin slaag om die program suksesvol te voltooi nie, sal al die bogenoemde voordele ook verbeur word.

Ek, die ondergetekende, verstaan bogenoemde voorwaardes en aanvaar die aanbod vir deelname aan Solidariteit se bemagtigingsprogram. Ek verstaan ook dat alle inligting ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popi-wet) tussen die betrokke partye beskerm en vertroulik gereguleer sal word vir die uitvoering van die Solidariteit Kantoorpraktisynsnetwerk se bemagtigingsprogram.

Kandidaat:

_____________________________ _____________________________

**NAAM EN VAN** **IDENTITEITSNOMMER**

_____________________________ _____________________________

**KONTAKNOMMER** **E-POSADRES**

_____________________________

**HANDTEKENING**

Geteken te ________________ op hierdie _____ dag van _______________ 20___.

Ouer/Voog:

______________________________ ______________________________

**NAAM EN VAN** **IDENTITEITSNOMMER**

______________________________ ______________________________

**KONTAKNOMMER** **E-POSADRES**

______________________________

**HANDTEKENING**

Geteken te __________________ op hierdie _____ dag van _________________ 20___.

Goedkeuring deur 'n verteenwoordiger van Solidariteit:

______________________________ ______________________________

**NAAM EN VAN** **IDENTITEITSNOMMER**

______________________________ ______________________________

**KONTAKNOMMER** **E-POSADRES**

______________________________

**HANDTEKENING**

Geteken te __________________ op hierdie _____ dag van _________________ 20___.